


# KOERANIA

Mei 2025 | ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT | Volume 1 Uitgawe Nr 18




## KITSNUUS

Lees meer binne

Nuwe Sakekamerbestuur aangewys
*Bl 2*

Carel Boshoff 4 is Doktor
*Bl 3*

Menings: Afrikaans, my taal
*Bl 3*

59 Vlugtelinge
*Bl 3*

Lex Libertas en Ernst
*Bl 4*

Chris Wyatt praat met Koerania
*Bl 4*

Besoekersmening
*Bl 5*

Sugarbush in Vanderkloof
*Bl 6*

BEP Koeriers vir Oraniërs
*Bl 6*

DKW's toer
*Bl 9*

VellieVoeteFees vir gestremdes
*Bl 10*

Jacobus hol na sukses
*Bl 12*

### SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

### NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Konstruksiekenners wil die bedryf optimaliseer

Dia van Staden - Redakteur

Hulle doel was om die Europese konstruksiebedryf te ondersoek en navorsing te doen oor hoe hulle werk, en om idees te kry hoe om die bedryf na die volgende vlak te neem. Gedurende April het die Orania Ontwikkelingsmaatskappy (OOM) 'n afvaardiging van Orania aangewys om verskeie werksplekke, fabrieke en konstruksieterreine te besoek waar waardevolle kennis opgedoen kon word.

Op 7 April het Niel de Klerk, Hoof van Ontwikkeling by die Orania Ontwikkelingsmaatskappy (OOM), André van Heerden, Hoof van Ingenieursdienste by die Orania Dorpsraad en Ohann Fourie, Projekbestuurder by Spektrum Ondernemings in München geland om die konstruksiebelewenis af te skop deur die Bauma Expo te besoek.

Elkeen van die verteenwoordigers het na unieke aspekte van die bedryf gekyk terwyl hulle indrukwekkende ontwikkelings gade geslaan het. Niel het op ontwikkeling gefokus, terwyl André dieper in dienste en infrastruktuur gedelf het. Ohann wou die praktiese uitvoering van konstruksiebedrywighede ondersoek.

Dié 3 se verwagtinge is ver oortref en hulle vertel met verwondering van hulle bevindinge. Niel vertel: "Ek het gedink ons gaan sien dat konstruksie van harde arbeid na meganisasie geskuif het. My verwagting is oortref. Hul is van meganisasie na outomatisering toe. Daar is sisteme in plek wat masjiene beheer. Dit is soos die motorbedryf wat self ry – hier vind jy konstruksiemotors wat self ry.

André noem dat hy verwag het om uitnemendheid te sien. Die uitbou van toerisme en die vertrapping deur toeriste om na natuurlike verskynsels en infrastruktuur te kyk was opvallend. "Europa se stede is indrukwekkend, maar die gedeeltelike verval van infrastruktuur is tog op plekke opmerklik."

Hy was beindruk met die kwaliteit van die paaie en vertel met verwondering dat jy in




Niel de Klerk Ohann Fourie André van Heerden

geen dorp getwyfel het of jy die kraanwater kon drink nie. Hy was verbaas oor die feit dat hy geen stortingsterrein kon waarneem nie.

"My idee van Europa was dat dit 'n wow plek is, met alle geboue wat al honderde jare staan. Die vakmanne wat vir daardie argitektuur verantwoordelik was is nie meer daar nie," sê Ohann. Hy wou graag sien hoe hul bouterreine opstel en voorberei sodat materiaal maklik vloei en bourommel effektief bestuur kan word.

"Daar word baie aandag gegee aan isolasie en deeglike beplanning word gedoen waar die klimaat en isolasie bedink word," vertel Niel. Vele houthuise wat met 'n steenmuur omring word, wat beteken dat die huis goed geseël is (.4bar druktoets deurstaan), met 'n warmwaterstelsel wat van binne die huis met 'n kraantjie beheer kan word, was indrukwekkend.

Op verskeie terreine kon hulle een persoon in 'n gemeganiseerde tuig sien wat 'n paar persone se werk vanuit sy sitplek doen. "Dit verminder arbeid, maar dit verhoog die spoed

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: Orania Digitaal | Kontakbesonderhede redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



# KOFFIE EN KLETS met die redakteur



## Wat doen ek en jy om te help bou?

59 is potensieël vir Suid-Afrika verlore. Hulle het gekies. Hulle het hul opsies geweeg en Suid-Afrika met sy misdaad, korrupsie, mensehandel, grondgrype, Bela-onsin, plaasmoorde en verkragtingsyfers is te lig bevind.

Hoe op aarde stry ons met die syfers op die tafel? Wie is ek om elke individu of paartjie of gesin se trauma of visie te oordeel?

Ek en jy, wat Afrikaners in murg en been is, kan tog nie dink dat dit 'n maklike besluit was nie? Desperaatheid dalk?

Ek en jy weet ook van vrees. Ons onthou die nagte waar ons, vrou-alleen, met 'n selfoon in die een hand en 'n sambok of stok of rewolwer in die ander hand wag dat die onwelkome indringer by die deur of venster of dak moet inklim?

Die Amerikaanse regering het die hand van hulp uitgereik. Volgens gerugte gaan nog baie daardie hand aanneem. Die kritiek teen die vlugtelinge is fel, maar die simpatie is net so baie, afhangende van watter kanale jy volg of mee gebombardeer word.


In Orania is ons soms toeskouers van al die nare, onbeskryflike en onmenslike goed wat buite ons privaat eiendom se grense gebeur. Die vraag is: Wat kan ons doen om Afrikaners te help?

Ons kan praat, ons kan bakens van hoop wees, ons kan mense uitnooi om 'n ingeligte keuse te maak. Hoeveel van die 59 het Orania oorweeg en daarteen besluit? Het iemand ons dorp oorweeg? Moet ons in die spieël kyk vir redes hoekom hulle ons NIE gekies het nie?

Praat met my? Wat dink jy kan ons as 'n gemeenskap, waar sterk individuele stemme is, doen om die boodskap van Orania as 'n opsie, by mense uit te kry? Nie net as 'n politieke keuse nie, maar as 'n kulturele keuse! As 'n keuse wat geneem word op grond daarvan dat iets vir 'n nageslag in jou eie taal en deur jou eie kultuur gebou en tot stand gebring word.

"In die sweet van jou aangesig…" – Ons sal self? Help ons, Vader?

*Dia van Staden*



Vensterisolasie in Nederland - 3 lae glas



Vooraansig van 'n gebou bly behoue in Ostend België

en kwaliteit van konstruksiewerk geweldig," stem hulle saam.

André beduie hoe hy hoendervleis gekry het vir hoe antieke geboue se vooraansigte behou word, maar die agterkant gemoderniseer word met 'n nuwe konstruksie. "Veral in Duitsland bly die vakmanskap, argitektuur en kultuur op dié manier behoue."

Die afwerking van huise se binnekant kon Ohann waardeer. "Die kwaliteit en standaard van die bouwerk, afronding en die seisonale efffektiwiteit waarmee hulle bou, het my verstom."

Hulle weet nou dat die meerderheid van Orania se kontrakteurs geen treë hoef terug te staan vir die Europese kennis nie. "Ons hoef nie die wiel te herontwerp nie. Die aanwending van tegnologie is uiters belangrik as ons die kwaliteit van ons werk 'n reuse hupstoot wil gee. Die breinkrag is hier om op dieselfde vlak te funksioneer."

Die besef is daar dat goedkoop arbeid in Suid-Afrika die arbeider 'n geweldige slag toegedien het. "Ons is op die regte plek, waar ons vryheid het. Dit is nie onmoontlik om dieselfde masjienerie te kry nie, alhoewel daardie verskaffers se BEE-status hulle stuit om na Suid-Afrika uit te voer."

In verband met die praktiese toepassing van lesse wat hulle daar geleer het gesels hulle: "Ons is besig om Bloemfonteinse maatskappye skatryk te maak. Ons moet ons eie toerusting bekom. Ons moet ons eie betonfabriek bou. Ons het 'n hyskraan en masjienerie nodig, maar ons moet terugstaan en bedink of ons nie self van dié noodsaaklike masjienerie kan bou nie."

André het vir sy span by infrastruktuur genoem dat dit tyd is om byl te slyp. Hulle moet innoverend wees en moontlike aanpassings op masjienerie of toerusting bedink en selfs bou wat hulle werk makliker kan maak, juis om kwaliteit en tyd beter aan te wend. Die fokus op estetika van geboue in Europa het hulle met die boodskap laat terugkom dat daar 'n groter klem op die ontwerp van mooi geboue moet wees. Iets wat eie aan die Afrikaner sal wees.

Dat industriele en kommersiele kontrakteurs spesialiste is en residensiële kontrakteurs as 'n span kan werk, beteken ook dat die oprigting van geboue, wat in fases gebeur, tot vinniger resultate kan lei. Verhoudings met instansies in Suid-Tirool en Vlaandere is versterk, aangesien hulle ook werk na onafhanklikheid van die groter staat.

Niel beklemtoon dat arbeiders opgehef en bemagtig moet word. "Ons wil nie van hulle ontslae raak nie. Ons wil hulle vaardighede gee sodat hulle dit steeds self kan doen, maar daar moet deur individue op meer as een spesialiteit gefokus kan word."




Ohann Fourie | Niel de Klerk | André van Heerden

# Orania Sakekamerbestuur


Die Orania Sakekamer het pas hul nuwe bestuur aangekondig. Dié span is deeglik bewus van die uitdagings wat besighede in die oë staar en sien daarna uit om oplossinggedrewe saam met sakepersone te werk

**Voorsitter – Tony Correia**




Tony neem die leiding as voorsitter en stuur die strategie en aktiwiteite van die Sakekamer. Hy tree as voorsitter van vergaderings op, hou toesig oor besigheidspraktyke in Orania en verteenwoordig die Sakekamer in belangrike onderhandelinge. Saam met die ondervoorsitter en sekretaris vorm hy deel van die dagbestuur.

**Ondervoorsitter – Willie Steenkamp**




Willie ondersteun die voorsitter en tree in sy plek op wanneer nodig. Hy dra by tot strategieontwikkeling, skakel met belanghebbendes, en vorm deel van die dagbestuur wat die daaglikse sake hanteer.

**Sekretaris – Werner Fourie**



Werner dien as primêre kontakpunt vir interne en eksterne kommunikasie, verseker hy 'n duidelike en doeltreffende vloei van inligting tussen die bestuur, lede en die publiek.

**Penningmeester – Annatjie Joubert**



Annatjie bestuur die Sakekamer se finansies, stel begrotings op, hou toesig oor inkomste en uitgawes, en werk saam met 'n rekenmeester aan die opstel van finansiële state. Sy speel 'n sleutelrol in die finansiële gesondheid van die organisasie.

**Bemarking & Toerisme – Dia van Staden**



Dia lei die bemarkingstrategieë van die Sakekamer, fokus op die bevordering van lede se besighede en toerisme in Orania. Sy wil graag saam met plaaslike instansies werk om geleenthede te skep wat ekonomiese groei en sigbaarheid vir die dorp bevorder. Die bestuur beklemtoon dit dat hul nie in isolasie wil werk nie. "Ons sien daarna uit om saam met die gemeenskap aan projekte te werk wat Orania se sakegemeenskap sal bemark, versterk en volhoubaar maak," sê Tony.

Lede en die breër gemeenskap word uitgenooi om met die sakekamer kontak te maak met hul voorstelle wat tot die uitbou van die sakekamer en besighede se volhoubaarheid kan bydra.

Stuur 'n e-pos na voorsitter@oraniasakekamer.co.za met enige voorstelle of vrae.

# AFRIKAANS AMPTELIK 100: FEESPROGRAM 2025

"Afrikaans 100 se fees is om die draai," sê Giep van Zyl, nasionale koördineerder van Afrikaans 100. "Ons nooi almal uit om saam met ons fees te vier. Trek jou dagboek nader, merk hierdie datums en besoek www.afrikaans100.org om meer besonderhede oor elke geleentheid te kry. En onthou, die res van die jaar is ook feesjaar. Hou ons webblad en sosiale media dop, beplan jou eie feesvieringe en wen dalk 'n groot prys!"

"Afrikaans vier 'n mylpaal binne die baie langer bestaan van ons pragtige taal," sê René Arendse, adjunk- nasionale koördineer van Afrikaans 100.

**Afrikaans 100 Gedenklesings**

Gedenklesings om hierdie mylpaal in Afrikaans se geskiedenis te vier en erkenning aan Afrikaans te gee word in die Wes-Kaap en Gauteng aangebied.

23 Mei – 10:00 tot 13:00 Kroonsaal, Fort Schanskop, Pretoria

**Afrikaans 100 Feesdinees**

'n Feesdinee wat 'n fynproewers-driegangmaaltyd insluit op een van die mooiste wynlandgoedere in die Paarl en by die Pretoria Buiteklub in Waterkloof. Met seremoniemeesters Lizz Meiring en Christo Davids.

22 Mei – 18:30 vir 19:00 - Pretoria Buiteklub, Waterkloof, Pretoria

**Afrikaans 100 Uit die mond**

'n Musikale viering van die Afrikaanse taal uit elke mond wat dit praat. Met Amanda Strydom, Coenie de Villiers, Emo Adams, Frazer Barry, Lynelle Kenned en Nicole Holm

28 Mei – 19:30 en 29 Mei – 19:30

Atterbury Teater, Daventrystraat 4, Lynnwood Manor, Pretoria

**Kuns van die Afrikaanse kunslied**

Aangebied deur Afrikaans 100 en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Die Afrikaanse kunslied kom al langer as 'n eeu en is geskep deur Suid-Afrikaanse komponiste deur sensitiewe bewuswording en voortdurende vernuwing en innovasie. Met Jo-Nette LeKay (sopraan), Linette van der Merwe (mezzosopraan), Chris Mostert (tenoor), Niël Rademan (bariton) en Susan Steenkamp-Swanepoel (pianis) Samesteller: Linette van der Merwe

25 Mei – 15:00, Musaion, Universiteit van Pretoria-kampus

**Afrikaans 100 Makieties**

Is jy lus vir liplek-lekkerte? Die Afrikaans 100 Makieties – wat in Genadendal en Pretoria gehou word - gaan jou smaakkliere laat baljaar.

22 en 23 Mei – 09:00 tot 15:00

**Taaltoere**

Taaltoere in Pretoria - Kaartjies en bespreking by die Voortrekkermonument

Genadendal-museum, Moraviastraat, Genadendal

24 Mei – 10:00 tot 22:00, Botaniese Tuin, Pretoria

Taaltoere in Genadendal - Kaartjies en bespreking by die Genadendal-museum

Vir die res van ons eeufeesjaar gaan die hele land saam feesvier. Besoek www.afrikaans100.org en raak betrokke

# Die dieper vrae is my ding
# TITEL: Vryheid en oorvloed
## (Die oorvloedige lewe as antwoord op die skaarsheidsontologie van die moderniteit)

Dia van Staden - Redakteur


Foto: Dia van Staden

Dr Carel Boshoff het onlangs sy doktorsgraad verwerf en sien daarna uit om dit so gou doenlik in publikasievorm vry te stel.

Dr Carel Boshoff is 'n filosoof. Hy erken dit ruiterlik. "Toe ek filosofie die eerstekeer raakgeloop het, het ek geweet dit is my ding." Hy vertel hoe hy en sy pa, prof Carel Boshoff wat 'n teoloog was, lank oor die dieper dinge en die vrae van die lewe kon gesels.

Van hom het hy geleer dat mens se lewens- en wêreldbeskouing uit jou antwoorde op vrae soos: wat is God? wat is mens? wat is tyd?, wat is lewe en dood? bestaan. Vir iemand wat eers 'n ingenieur wou word en toe predikant, was die gravitasie na filosofie net té groot. Hy het wel die BA (Teologie) verwerf, maar toe met Wysbegeerte voortgegaan.

Carel vertel dat hy ander temas oorweeg het, aangesien hy vir 30 jaar die werk van denkers soos Hannah Arendt, Charles Taylor en Josef Pieper lees. "Mens formuleer jou tema soos jy denkpad gaan," sê hy. Toe mentor Danie Goosen vir hom die boek 'Het rijk van de schaarste' aanbeveel, het dit sy belangstelling geprikkel. Verskeie boeke en denkers wat met die vraag van skaarsheid en oorvloed worstel, het daarop gevolg.

Een van sy ontdekkings was dat skaarsheid een van die eienskappe van die moderne wêreld is en dat die oplossings daarbuite lê. "Die spoor na skaarste lei na die moderniteit en die spoor na oorvloed na die ou tyd en na ons tradisie. 'n Ander moderniteit is moontlik en Orania is 'n wonderlike voorbeeld daarvan."

Volgens Carel is die mens nie in die eerste plek 'n ekonomiese wese nie, maar 'n diep geestelike wese wie se geluk bepaal word deur sy plek in die geheel van dinge. "Daar is steeds rampe, maar uit die hand van 'n oorvloedige skepper. Dit is 'n ONTOLOGIESE skuif. Die versteekte perspektief is wat raakgesien moet word. Strategieë is nodig om agterdie tekorte wat ons ervaar die moontlikheid van oorvloed te sien. "Wanneer jy na bo kyk, dan sien jy bo-oor skaarsheid."

"Skaarste is die gevolg van begeerte, en begeerte is die gevolg van nabootsing. Moderne mense aanvaar nie maklik gesag nie, maar dit is juis wat ons nodig het, gesag en hierargie. As jy jou begeerte kan beteuel word jou hartstog 'n bron van energie."

Dié boekwurm sê dat mens moet doen wat jy die beste doen. "As ek iets wil nalaat sal dit by wyse van skryfwerk moet wees. My ma het my wysgemaak dat ek uithouvermoë het, nou het ek dit nodig."

Studeer en navors was nog altyd deel van sy denkproses. Hy het onlangs op die Christelike denker Alistair MacIntyre gefokus en wil die lesings wat hy by Akademia daaroor gelewer het nou in 'n publikasie wil omskep. "Dit sluit aan by die herwinning van ons Afrikaanse tradisie in die vorm van Christelike Nasionalisme. Dit is 'n 150 jaaroue verhaal van ons denkgeskiedenis."

'n Geslaagde tradisie het sekere uitgangspunte en spannings waarop jy nie altyd antwoorde het nie, maar deur dit gereeld te herformuleer, is daar tog vooruitgang.

> Ontologie is 'n studie van die aard van die wese, die realiteit en die substansie van dinge. Dit bestudeer ook die wese of realiteit in die abstrakte, veral in die manier hoe dit verband hou met idees en teorieë. Dit dui aan wat objektiewe en subjektiewe bestaan konstitueer en wat dit beteken vir iets om te bestaan. – Wikipedia

Carel sien daarna uit om sy verhandeling te publiseer, al sal dit dalk 'n beperkte gehoor aanspreek. "Ek hoop om meningsvormers en besluitnemers toe te rus met 'n denkraamwerk wat die werklikheid in 'n ander lig sal stel." Hy wil 'n sin vir idealilsme terugbring, 'n sin vir groter strewes en offervaardigheid. Groter ideale.

Dr Carel 4 antwoord dat hy soms verplig voel om, as gevolg van sy pa se droom en nalatenskap, in Orania te woon. "Daar is egter geen spanning tussen my plig en my plesier nie. Dit is 'n menslike ding dat jou plig soms swaar op jou lê, maar dit kan ook 'n vreugde wees. Vir my is dit 'n oorvloedige nalatenskap."

Populêre reklame hou aan ons 'n sorgelose bestaan voor, maar as volwasse mens besef mens dat plig en plesier verweef is. "Orania is geen Utopia nie, want dit sou 'n ander Orania wees, en daar is net een."

Dr Carel Boshoff glo in 'n goeie werklikheid, 'n Godsgeskenk wat dankbaar ontvang word. Dit is 'n geloofsdaad.

# 59 Vlugtelinge vertrek na die VSA

Kommentator: Sean Volschenk


Foto:
Suid-Afrika bloei en Afrikaners bid…

13 Mei sal altyd as 'n donker dag vir Suid-Afrika onthou word. Die onlangse uitreiking van vlugtelingstatus aan 59 Afrikaners in die VSA het 'n skerp debat in Suid-Afrika ontketen – oor identiteit, vlug, miskenning en die regering se verantwoordelikheid. Verskeie stemme het hul opinies gedeel, wat dui op die veelvlakkige pyn en frustrasie wat hierdie gebeure ontbloot het.

Wannie Carstens wys in 'n Facebookplasing op die kompleksiteit van migrasie: "Ons weet nie wat in elkeen se lewe gebeur het… om alles (ook familie) agter te laat… was beslis nie maklik nie." Hy veroordeel president Ramaphosa se beskrywing van die vlugtelinge as "lafaards" en meen dit getuig van "'n gebrekkige karakter… en gebrekkige oordeel." Volgens hom is dit 'n projeksie van skuld eerder as selfondersoek.

AliceVLAuthor gaan verder en stel dat die realiteit vir baie wit Suid-Afrikaners een is van sistemiese uitsluiting: "As a minority, our voices are perpetually silenced… The hatred festers, fueled by distorted narratives of our history." Vir haar is daar geen hoop op herstel nie: "Rebuilding this country… won't happen in most our lifetimes."

Op die Nagkantoor Facebookblad, wat meestal uit oud-mediapersone bestaan, skryf Martiens Fourie dat die vlug van Afrikaners óf 'n daad van desperaatheid óf gemak is: "Die ouers is òf skatryk óf vrek arm… Is hulle mense wat te lui is om iets self te doen?" Hy sien ook die Amerikaanse verwelkoming as moontlik 'n ideologies belaaide simboliese gebaar, met verwysing na 'n das in die ou SA-vlagkleure.

Franco Loots merk sinies op dat die spesiale status van hierdie vlugtelinge 'n "Executive Platinum Refugee Status" is, en vra of dit nie meer met hul erfenis as hul lot te doen het nie. Hy beskryf die situasie as een waar "'n das soos 'n vlag is – net 'n bietjie dunner, en baie nader aan die hart."

Riaan Janses van Vuren beroep hom op 'n meer empatiese blik: "Wie weet, ander mense se omstandighede is dalk baie anders as myne." Hy haal Solly Moeng, 'n swart kommentator aan, wat skryf: "Some people leave and regret it later, others stay and regret not having left… Many felt threatened, unheard… felt unwanted." Hy verwerp die idee dat vlugtelinge net teen transformasie gekant is.

Rian van Heerden voeg by: "Most South Africans, except the fat cats, actually don't want to be here." Hy kritiseer die regering se versuim om introspektief te wees: "What can we do to prevent this from happening again?"

Teenoor hierdie persoonlike en emosionele getuienisse, plaas die regering, volgens DIRCO, vertroue in sy eie regstelsel en noem dit 'n bewys dat "South Africa is working towards a country in which every citizen is free and protected." Maar hierdie selfversekerde verklaring is vir kritici, soos Carstens en Moeng, 'n voorbeeld van ontkenning – 'n weiering om "in ons kollektiewe spieël te kyk."

Die debat oor vlugtelinge is dus nie net oor migrasie nie, maar oor erkenning, vertroue en 'n land se morele selfondersoek.

Om ingelig te bly kan Koerania se lesers gerus hierdie video's kyk. Besluit self!

Leaving Everything Behind Afrikaner REFUGEE Journey to US – Chris Wyatt
Feisty Joel Pollak - defending Afrikaner refugees, urging Western Cape to promote its exceptionalism - Biznews
Afrikaners: Vlugtelinge of Vryheid? – Die Orania Beweging
Racist Left and Media Attacks White Afrikaners Arriving in America as Refugees, with Buck Sexton – Megyn Kelly
THIS Is Why We Can't Ignore What's Happening In South Africa – Ben Shapiro
South African Refugees - Why the SA Government is Worried – Riaan Roux
US welcomes 49 Afrikaner refugees: SA politicians & lefties left fuming! – Sihle Ngobese Big Daddy Liberty
Hate fills their Hearts | Behavior of South African Trolls - Chris Wyatt
RAMAPHOSA Says Afrikaners Are COWARDS – Thee Sama Sambit
The South African Refugees are Real Refugees – Akkad Daily
Dear President Trump: The ANC Is Destroying South Africa – Rob Hersoff

## MENINGS OPNAME
# Ek vier Afrikaans deur…

**Francois van Schalkwyk**



Ek vier Afrikaans wanneer ek by my ouma kuier, en hoor watter tante se hare platgeval het soos 'n geflopte koekstruif. Ek vier Afrikaans in die kraak van 'n vars, stroopgevulde koeksister. Ek vier Afrikaans in die lag en gesels om 'n knetterende Kalahari-vuur en die reuk van braaivleis.

**Leoni de Klerk**




Ek vier Afrikaans deur kolwyntjies te eet en nie "cupcakes" nie, blatjang op my braaibroodjie te smeer in plaas van "chutney" en ek geniet konfyt op roosterbrood meer as "jam" op "toast"!

**Karin Kemp**



Ek vier Afrikaans deur altyd met 'n ontvangspersoon agter 'n toonbank of met 'n kelner by 'n restaurant, met 'n joggie by 'n vulstasie of met die persoon wat my betaling neem as ek deur 'n tolhek ry, vriendelik in Afrikaans te praat en slegs oor te slaan Engels toe as die persoon my werklik nie verstaan nie. Selfs dan, sê ek my totsiens weer vriendelik in Afrikaans.

**Cara Tomlinson**



Ek vier Afrikaans deur dit te gebruik in gesprekke, by die huis, by die werk deur daarin te lees, skryf, dink en te droom. CJ Langenhoven het gese: "'n Volk wat sy taal nie koester nie, is soos 'n mens wat sy siel versaak". Taal is die lewensaar van 'n volk, deur ons taal vier ons identiteit, ons geskiedenis en ons toekoms.

# Die beginsel van selfregering moet gedryf word

## Van pioniersinisiatief tot Lex Libertas

Dia van Staden - Redakteur

Ernst Roets het tydens 'n onlangse onderhoud met Koerania bevestig dat die enigste agenda wat hy wil dryf, VRYHEID is. "Ons wil vir die Afrikaner vryheid hê. Ons wil nie hê ander groepe moet nie ook vry wees nie. Daar is persepsies dat ons nie ander vry wil sien nie. Slawe en goedkoop arbeid is beslis nie ons doel nie.

Hy beskryf 'n samelewingsvorm wat gevestig moet word sodat dit anders kan lyk as die een waarbinne Afrikaners tans leef. "Suid-Afrika as gebied benodig 'n meer gedensentraliseerde politieke bedeling. Daar is meer maniëre waarop mense en gemeenskappe hulself kan regeer. Die idee van selfregering moet bevorder word, maar aangesien gemeenskappe en kulture verskil, gaan dit nie vir almal ewe goed werk nie. Ons kan nie 'n stelsel van afhanklikheid skep of bevorder nie, want daardie gemeenskap moet nie as die sondebok of slaansak vir die res dien nie." Hy verwys na voorbeelde daarvan regoor die wêreld. Beginsel van selfregering belangrik!

Oor die vraag of President Donald Trump se uitnodiging aan Afrikaners 'n oplossing is, noem hy: "Ek dink hul het hul eie agenda. Hul het 'n America First agenda. Deel daarvan is om Afrikaners te kry om Amerika toe te trek, wat nie noodwendig in ons belang is nie. Ek wil glo met JD Vance, dat deel van hul agenda is om die westerse beskawing te wil beskerm. Ons kan egter nie ons hoop op die VSA sit nie. Ons is nog die belangrikste skakel vir ons eie oplossing."

Hy is oortuig dat Afrikaners 'n nuwe hoofstuk betree. "Die wantroue en afsku in Afrikaners en die meesterverhaal wat in die buiteland geheers het, is nou as leuens ontbloot. Dit skep 'n klomp nuwe geleenthede vir die Afrikaner. Ek beleef herontdekking van Afrikaners, as westerlinge en as Christene."

Ernst beskryf die huidige regerende party se uitsprake as waansin op 2 vlakke: "die regerende elite probeer om, ideologies gesproke, ras-nasionalisme en sosialisme te bevorder. Ons sien dit met beleidsidees – Bela-wet, grondonteiening sonder vergoeding, gesondheid, ens. Hul skep die indruk dat hul die ekonomie gaan laat groei as hulle grond vat en 'n nie-werkbare gesondheidsplan implimenteer."

Die tweede vorm van waansin is volgens hom dat Suid-Afrikaners dink 'n koalisieregering of as die REGTE persoon binne die ANC gekies word, oplossings sal bied.

> "Gedwonge integrasie lei tot konflik"
> -Ernst Roets

Hy is eerder oortuig dat onderliggende strukturele probleme wat die land beleef erger gaan word. Hy verduidelik dat die huidige politieke stelsel nie in 'n nuwe bedeling kan pas nie, aangesien dit geen erkenning aan verskillende volke en nasies gee nie. "Nie omdat dit verkeerd of reg is nie, maar ons kulture verskil. Gepeupelgeweld gaan opvlam."

"Ons gaan die ANC of die EFF nooit verander nie. 'n Linkse swart nasionalistiese beweging bou hul identiteit daarop dat witmense boos is en dat die struggle eerbaar was. Ras-nasionalistiese identiteit wat op 'n leuen gebou is."

Ernst se onlangse reeks onderhoude met invloedryke Amerikaanse potsenders het baie Afrikaners se tonge losgemaak en tot die gesprek laat toetree. "Ek sien my fokus as aanvullend tot Orania – my fokus is om vir SA 'n ander politieke bedeling te bemark, onder



Foto: Dia van Staden

Ernst Roets het tydens die Orania Sakekamer se Algemene Jaarvergadering as spreker opgetree. Hy besef dat die werklikheid kompleks is, maar steef daarna om 'n realistiese vryheid vir gemeenskappe te help bevorder.

verskillende kulture te werf, en om in die VSA Op 23 Mei 2025 vier BEP-Koeriers hul 20ste bestaansjaar! Op 23 Mei 2005 het dié besigheid se wiele in Christiana begin rol.

Riaan Jacobs, eienaar, vertel dat hy dit verpes het as mense vra of hy Bloemfontein toe gaan en vir hulle 'n pakkie kan saambring. "Aangesien ek 'n entrepreneur is, besef ek toe dat daar 'n dringende behoefte vir 'n koerierdiens is," sê Riaan.

Volgens hom was koerierbesighede in 2005 nog 'n skaars en vreemde konsep. Daardie jare was die Poskantoor ten minste nog bietjie aan die gang en dit was 'n reuse taak om dié tipe besigheid te laat posvat.

Hy beskryf 'n paar van die uitdagings: "Dit vat tyd om 'n roete te ontwikkel en dit is duur. Jy moet jou handelsnaam op 'n roete vestig en daarom ry jy vir 'n ruk teen 'n verlies, tot dit vrugte begin afwerp." Hy frons terwyl hy vertel dat 'n koerierbesigheid nie 'n rykword besigheid is nie, maar wel 'n konstante besigheid is, wat sy eie lewe vergemaklik. Sy eie besighede vind baat by die koerierdiens.

Met 6 personeellede word pakkies daagliks plaaslik, nasionaal en internasionaal vervoer. Drienie van der Vyfer is die kantoorbestuurder wat in Christiana se kantoor werksaam is. Peter Kraukamp, Hans Nel en Helmut Kitt is die 3 betroubare drywers wat soms swak paaie en gure weersomstandighede moet aandurf. Hulle bly egter vriendelik en behulpsaam wanneer eise aan hulle gestel word. Twee algemene werkers is by die Christiana kantoor behulpsaam met elkedag se ontvang, verpakking en versending van pakkies. Jankie sorg dat die terrein netjies bly en laai pakkies op en af, terwyl Evelyn die kantoor netjies hou en knap is met verpakking en liasering.

Meganiese breuke sonder 'n surplus personeel en voertuie kan vir kopsere sorg. As een siek is moet daar planne gemaak word om steeds 'n diens te lewer. Hy beklemtoon dat subkontrakteurs soms foute maak, want 'n kommunikasiegaping het 'n besliste impak op die kwaliteit van kliëntediens. Drienie vertel dat hulle gereeld daarmee spot dat iemand toestemming moet vra voordat hulle siek word, want so 'n uitdaging word die span se krisis.

BEP-Koeriers se kliënte wissel van besproeiingsboere, want die spilpunt mag nie staan nie, onderdele vir plaaslike meganiese besighede of individue, die oplaai van laaste inkopies voor 'n troue, dokumente, 'n verskeidenheid voorrade en baie meer.

Die omvang van koerierdiens is wyd en moes hul al babadoeke na 'n Bloemfonteinse laboratorium vervoer om te laat ontleed. Muise as slangkos, geliefdes se as, verjaardagkoeke, blomme en 'n magdom ander items is al vervoer.

# 'n Amerikaner en die waarheid

Dia van Staden en Kameraad

Die bekende YouTuber, skrywer en joernalis, Kolonel (Ret.) Chris Wyatt, het op Sondag 13 April in Suid-Afrika aangekom vir sy "I Am Not A Refugee"-toer, en vertrek Vrydag 16 Mei, na 'n merkwaardige besoek, terug na Amerika.

Die afgetrede Kolonel het tydens 'n video-gesprek met Koerania gesels. Sy meer as 85 000 volgers sal weet dat Chris onverpoosd werk om verslag te doen oor wat tans in Suid-Afrika aangaan, vanuit die perspektief van 'n politieke kommentator wat die land al jare lank noukeurig volg.

Sy reisskedule was intens, maar telkens het hy daarin geslaag om nie net politici en sakereuse te spreek nie, maar ook gewone Suid-Afrikaners – die mense wat volgens hom werklik die hartklop van die land vorm.

Chris het 18 "meet and greet"-geleenthede bygewoon om sy volgers – die sogenaamde "Wyatt Army"– te ontmoet. Ongeveer 1 400 mense het dié ontmoetings in die land bygewoon. Chris, die reus met sy sagte hart het elke hand geskud, foto geneem, vrae geduldig beantwoord – soms ure lank.

Chris is 'n voormalige intelligensie-ontleder en militêre attaché vir die Amerikaanse weermag in Afrika. Dit maak sy ontleding van die Suid-Afrikaanse situasie uniek en ingelig.

"Ek het opgemerk hoe bang gewone Suid-Afrikaners is. Daar is 'n onderliggende trauma – asof die hele samelewing aan post-traumatiese stres ly.

Hy vertel dat hy en Ernst Roets saamstem oor die feit dat die Suid-Afrikaanse stemstruktuur belaglik is. "Hoe kan jy vir 'n party stem, maar geen idee hê wie die kandidaat gaan wees wat namens jou gaan praat en optree kry? Dit is verregaande," stoom Chris.

Kommentaar op sy regstreekse video's toon dat mense hulle tot Chris wend omdat hy geloofwaardig is. **Hy moedig mense nooit aan om Suid-Afrika te verlaat nie**. Koerania se bron noem dat Chris egter tans die enkele betroubare bron van inligting oor die program is – nie sensasie nie, maar feite.

Chris vertel hoe hy die skreeusnaakse humor van verskeie Suid-Afrikaners geniet. Oor 'n besoek aan Orania noem hy dat selfs nie-Oraniërs hom al aangemoedig het om Orania te besoek. "Wat sal ek daar kom doen? Julle het nie rassisme nie, julle is nie lui nie en julle bou vir julleself hoop!"

"In Suid-Afrika het julle nie leiers nie – julle het politici, drukkgroepe, kerke en bewegings, almal met hul eie agenda. Maar ons kort mense wat hoop kan gee, sonder om die waarheid te verdraai." Chris, hierdie opiniebelaaide Amerikaner, het op 'n vreemde manier die Emily Hobhouse vir duisende Suid-Afrikaners geword.

Chris Wyatt se boodskap aan President Cyril Ramaphosa voor sy besoek aan die VSA:
https://youtu.be/TFFfSpPhz4g?si=YS2ERQWv5WiLBHBs






BESOEKERS MENING

# Orania: 'n Lewende Legkaartstuk in 'n Toekomstige Suid-Afrika



Louis Kruger se waarnemings na 'n doelgerigte besoek In 'n land waar uiteenlopende gemeenskappe saam 'n nasie probeer vorm, bied Orania – 'n klein dorpie in die Noord-Kaap – 'n unieke en soms kontroversiële bydrae tot die gesprek oor selfstandigheid, identiteit en volhoubare ontwikkeling. Die onlangse besoek van Louis Kruger, 'n Doelgerigte Digitale en Proseskonsultant, het 'n vars, waarderende blik gewerp op hierdie unieke gemeenskap, sonder om in simplistiese menings of oordele vas te val.

Definisie van Orania binne die konteks van hierdie taak

Orania kan gedefinieer word as 'n funksionele waardegemeenskap wat op grondvlak selfbestuur praktiseer en waardes soos selfstandigheid, dissipline en gemeenskaplike verantwoordelikheid hoog ag. Dit is nie bloot 'n kulturele projek nie, maar 'n werklike voorbeeld van hoe burgers met beperkte hulpbronne hul eie strukture, stelsels en instellings tot stand bring. Die dorpie funksioneer as 'n mini-ekostelsel van selfonderhoud, met die plaaslike Ora-geldeenheid, eie munisipale dienste en volhoubare ontwikkelingsplanne as deel van die alledaagse werklikheid.

Eienskappe van Orania

Kruger het die dorp ervaar as 'n plek waar ordelikheid, doelgerigtheid en volharding nie net slagspreuke is nie, maar daagliks beleef word. Die dorpie straal 'n atmosfeer van netheid, gereelde instandhouding en 'n trotse gemeenskapsgees uit. Projekte word metodies aangepak en deurgevoer met geduld en toewyding – 'n weerspieëling van 'n waardesisteem wat dissipline bo gemak plaas. Die inwoners is betrokke by elke vlak van ontwikkeling en daar heers 'n sterk gevoel van gedeelde doelwitte, eerder as afhanklikheid van eksterne instellings.

Die impak van Orania

Orania se impak lê in sy modelle van plaaslike selfregering, ekonomiese selfstandigheid en volhoubare gemeenskapsontwikkeling. In 'n tyd waar baie dorpe sukkel met dienslewering, toon Orania dat alternatiewe bestuursmodelle wél moontlik is – mits daar duidelike waardes, beplanning en samewerking is. Die dorp se omgewingsbewustheid, insluitend waterbestuur en alternatiewe energieprojekte, wys op langtermyn-denke wat elders skaars is. Ekonomies het die dorp ook 'n werkbare mikro-ekonomie geskep wat nie net geld laat vloei nie, maar ook vaardighede ontwikkel en entrepreneurskap aanmoedig.

'n Verlangde uitkoms vir die toekoms van Orania

Kruger stel voor dat Orania se toekoms as 'n model van samewerkende gemeenskapsontwikkeling gesien moet word – nie as 'n afgesonderde enklave nie, maar as 'n deelnemende speler in 'n groter Suid-Afrikaanse legkaart. Vir sulke 'n toekoms is prioritisering, dissipline, wedersydse respek en nederigheid noodsaaklik – waardes wat reeds diep in die dorp se funksionering ingebed is. Terwyl ander gemeenskappe dikwels in frustrasie en vertraging vasval, wys Orania dat volharding en selfgerigte ontwikkeling sinvol en uitvoerbaar is.

Gevolgtrekking

Orania is nie 'n volmaakte model nie, maar dit is 'n waardevolle eksperiment in selfstandigheid, gemeenskapsinisiatief en die bou van 'n funksionele leefruimte. Die lesse wat daaruit geleer kan word – oor ordelikheid, volgehoue instandhouding, en verantwoordelike leierskap – behoort nie verwerp of gering geskat te word nie, maar ingespan te word om ander dele van die land se ontwikkelingsuitdagings te help aanspreek.

## Brandweerwa 'n welkome toevoeging tot veiligheid



Foto: Die nuwe vuurwa is deur die gemeenskap besigtig en het ritte op die wa onderneem om die doel vir so 'n wa van nader te leer ken.

Orania se eie brandweerwa is onlangs verwelkom toe gratis ritte vir die publiek op die wa aangebied is. Die Orania Veiligheidsdienste (OVD) se Theuns Wessels,
Weerbaarheidsbestuurder, het agter die wa se stuurwiel ingeklim om deur die dorp te ry en die gemeenskap bewus te maak van die nuutste toevoeging tot die dorp se voortdurende uitbou van veiligheidstoerusting.

Die voordele van so 'n wa is 'n hoë kapasiteit drukspuit wat hoë geboue vir blusdoeleindes kan bereik, ŉ skarebeheerspuit en verdere noodtoerusting, soos die bestaande snytoerusting, wat nou op die wa gelaai kan word.

Peet Gründling, lid van die OVD-span, sal binnekort sy kode14 swaarvoertuiglisensie bekom, sodat hy ook as bestuurder van die brandweerwa aangewend kan word.






Gawie Pienaar is 'n boer, leier, Christen en Afrikaner met 'n vurige passie vir sy volk. Dié Oos-Kapenaar het onlangs saam met die Afrikanerbond (AB) se lede in dié streek 'n reuseskenking vir die Voortrekkermonument se "Gee ons Krag"-veldtog gemaak. "Enigiemand, waar jy jou ook al op aarde bevind, moet weet wat jou volk se verlede was," sê Pienaar. "Dit vorm jou en laat jou besef watter plek jy in jou land én die geskiedenis moet volstaan."
Pienaar se hoop vir die toekoms lê in die jeug. "Om die jeug te motiveer om altyd die Afrikaner se belange te bevorder, is 'n lewenstaak vir elke Afrikanerouer. Die Voortrekkermonument en die personeel doen wonderlike werk. My hart is by julle," sê Pienaar.



# Sugarbush spog met sielskos en samesyn

Dia van Staden - Redakteur

Rob en Sandy Nolan het op 23 Mei 2023 as die eienaars van Sugarbush Café hul deure geopen. Die egpaar het 23 jaar in Centurion gewoon, maar Rob het 'n paar jaar gelede al boukontrakte in Vanderkloof aanvaar en bied ook begeleide vlieghengel in die Vanderkloofdam aan.
Sandy het in Junie 2024 permanent in Vanderkloof kom vestig. Sedert die opening van die restaurant het sy wel elke 4 tot 6 weke na die dorp gereis om na hul sakebelange om te sien. Die egpaar het besef dat die gemeenskap en toeriste 'n behoefte het vir 'n plek waar hulle kon ontmoet en saam kon eet.
Die kafee-stylomgewing van Sugarbush Café leen hom tot 'n kuierplek waar alle ouderdomme 'n heerlike koppie koffie of 'n bord smaaklike kos in 'n ontspanne atmosfeer kan geniet.
“Wanneer ons plek gepak is met tevrede kliënte, laat dit ons harte warm klop,” vertel hulle. “Ons is trots op doeltreffende, vriendelike diens en het ruim en smaaklike porsies wat ons graag so aanbied dat mense ook met hul oë kan eet.”
Sugarbush bied kombuistees, intieme verjaardagpartytjies, verfaande en is die perfekte venue vir nog 'n groot verskeidenheid funksies. Het jy behoefte aan 'n kreatiewe geleentheid? Gesels met hulle oor jou idee en hulle sal dit 'n realiteit maak!
Hulle geniet na 2 jaar steeds hulle eie disse op die keurige spyskaart. Albei geniet die vullende omelette vir ontbyt en later deur die dag is die houtvuur pizzas, veral die Tikka Hoenderpizza, asook die sappige lendeskywe, gunstelinge.
Sandy neem deesdae die voortou wanneer daar oor die keuse van geregte en die aanbieding daarvan besluit word.
Hulle sien daarna uit om meer van hul gunsteling geregte bekend te stel en daarop uit te brei. Hulle is albei avontuurlustig en wil graag meer van hul kliënte daaraan blootstel.
Rob bied begeleide vlieghengel daguitstappies of pasgemaakte visvanguitstappies vir klein groepe, plus boot- en platboombootritte op die Vanderkloofdam aan.
Aangesien dit Sugarbush se verjaardagmaand is, gaan daar gedurende die week van 25 tot 31 Mei pryse gewen kan word! Kliënte gaan 'n ballon prik om 'n prys te wen indien hul meer as R250 spandeer. Boonop sal daar dan afslag en spesiale aanbiedinge op besoekers wag.
Hou Sugarbush Café se Instagram- en Facebook-bladsye dop vir hul feestelike aanbiedinge.



Foto: Rob en Sandy Nolan is die eienaars van Sugarbush Café in Vanderkloof.

# BEP-Koeriers is 'n gesinsbesigheid

Dia van Staden - Redakteur




Eienaar, Riaan Jacobs, is trots op dié familiebesigheid wat nou 20 jaar vier.

Op 23 Mei 2025 vier BEP-Koeriers hul 20ste bestaansjaar! Op 23 Mei 2005 het dié besigheid se wiele in Christiana begin rol.
Riaan Jacobs, eienaar, vertel dat hy dit verpes het as mense vra of hy Bloemfontein toe gaan en vir hulle 'n pakkie kan saambring.
“Aangesien ek 'n entrepreneur is, besef ek toe dat daar 'n dringende behoefte vir 'n koerierdiens is,” sê Riaan.
Volgens hom was koerierbesighede in 2005 nog 'n skaars en vreemde konsep. Daardie jare was die Poskantoor ten minste nog bietjie aan die gang en dit was 'n reuse taak om dié tipe besigheid te laat posvat.
Hy beskryf 'n paar van die uitdagings: “Dit vat tyd om 'n roete te ontwikkel en dit is duur. Jy moet jou handelsnaam op 'n roete vestig en daarom ry jy vir 'n ruk teen 'n verlies, tot dit vrugte begin afwerp.” Hy frons terwyl hy vertel dat 'n koerierbesigheid nie 'n rykword besigheid is nie, maar wel 'n konstante besigheid is, wat sy eie lewe vergemaklik. Sy eie besighede vind baat by die koerierdiens.
Met 6 personeellede word pakkies daagliks plaaslik, nasionaal en internasionaal vervoer.
Drienie van der Vyfer is die kantoorbestuurder wat in Christiana se kantoor werksaam is.
Peter Kraukamp, Hans Nel en Helmut Kitt is die 3 betroubare drywers wat soms swak paaie en gure weersomstandighede moet aandurf. Hulle bly egter vriendelik en behulpsaam wanneer eise aan hulle gestel word. Twee algemene werkers is by die Christiana kantoor behulpsaam met elkedag se ontvang, verpakking en versending van pakkies. Jankie sorg dat die terrein netjies bly en laai pakkies op en af, terwyl Evelyn die kantoor netjies hou en knap is met verpakking en liasering.
Meganiese breuke sonder 'n surplus personeel en voertuie kan vir kopsere sorg. As een siek is moet daar planne gemaak word om steeds 'n diens te lewer. Hy beklemtoon dat subkontrakteurs soms foute maak, want 'n kommunikasiegaping het 'n besliste impak op die kwaliteit van kliëntediens. Drienie vertel dat hulle gereeld daarmee spot dat iemand toestemming moet vra voordat hulle siek word, want so 'n uitdaging word die span se krisis.
BEP-Koeriers se kliënte wissel van besproeiingsboere, want die spilpunt mag nie staan nie, onderdele vir plaaslike meganiese besighede of individue, die oplaai van laaste inkopies voor 'n troue, dokumente, 'n verskeidenheid voorrade en baie meer.

vervolg bl 7






Die omvang van koerierdiens is wyd en moes hul al babadoeke na 'n Bloemfonteinse laboratorium vervoer om te laat ontleed. Muise as slangkos, geliefdes se as, verjaardagkoeke, blomme en 'n magdom ander items is al vervoer.
Peter en Drienie kom al 'n lang pad met die besigheid en Helmut het in 2021 weer by BEP in Orania aangesluit, nadat hy gedurende 2007 en 2008 reeds 'n drywer op Christiana se roete was.
Vir Riaan en Marcel is kliëntediens uiters belangrik en hulle voel dat kliënte 'n goeie ervaring moet hê. Op die vraag waar die naam vandaan kom vertel Riaan dat Beth-El-Pella (Plek van God) hul familieplaas se naam was. “Ons het 'n slaghuis en deli bedryf, maar net BEP-Koeriers het as 'n handelsnaam oorgebly.”
Op 'n stadium het die besigheid 4 bakkies op die pad gehad, maar tydens die grendelstaat is daar besluit om slegs 3 bakkies aan te wend.
Oor jare is 'n sterk netwerk gebou sodat daar vir ander maatskappye as subkontrakteur opgetree kan word en dié subkontrakteurs vir BEP.
In Suid-Afrika word daar onderandere daagliks tussen Hartswater, Christiana, Pampierstad, Kimberley, Barkley-Wes, Orania, Richie, Modderrivier en Hopetown dienste gelewer. Met die verval van paaie moes hul ongelukkig sekere roetes uitsny. “Kontak die kantoor, want ons kan enige plek in die land of wêreld bedien,” sê Riaan.
Riaan vertel dat die mark na Covid baie groter geword het. “Daar is 'n paar koerierdienste wat baie kompeterend is op klein pakkies, maar as pakkies meer gesofistikeerd of groter raak is daar nie een van die ander dienste wat by BEP kan kers vashou nie. Ons pryse is ook uiters kompeterend.”
BEP-Koeriers is 'n privaat Orania- en familiebesigheid wat deur 'n Oraniër besit en bestuur word. Die hele span is dankbaar vir verhoudings wat van dag 1 af sterk gebou is en sê dankie vir elkeen wat hul pad kruis.
“Ons antwoord is altyd JA, en dan vra ons

BEP KOERIERS


Helmut Kitt is die gawe drywer wat in Orania woon en sy roetes ywerig voltooi.


Peter Kraukamp, Drienie van der Vyfer en Hans Nel maak seker dat die ratwerk en wiele in Christiana se kantoor geolie bly.



SOLIDARITEIT
ORANIA SAKEKAMER








BO-KAROO OPLEIDING is 'n privaat opleidingsinstelling wat beroepskwalifikasies in skaarsvaardighede aanbied, gebou op 'n Christelike fondasie en gewortel in die vryheid en uniekheid van ons Afrikaner kultuur.

2026 inskrywings is oop!

Boerderybestuur | Bou & Siviele Konstruksie | Siviele Ingenieurswese | Elektries
Loodgieter | Tuisversorging | Tuissorgassistent | Vroeë Kinderontwikkeling

Besoek www.bko.co.za vir meer inligting en inskrywingsvorm





# DKW's brom en brul ywerig voort

Dia van Staden - Redakteur

Vroeg dié maand het die DKW-klub van Suid-Afrika 'n rit van oraloor na Orania onderneem. Pieter Botha, voorsitter van die Suid-Afrikaanse DKW-klub het met Koerania gesels oor die samestelling en aktiwiteite van die klub.

Pieter vertel dat August Horg in 1921 die Horg motormaatskappy begin, maar in Duits beteken Horg "hoor". Jare later moes hy weer 'n naam vir sy nuwe motormaatskappy kies en Latyn vir Horg is Audi, wat "hoor" beteken. In 1932, tydens die depressie, was die maatskappye gedwing om saam te werk en daar is Auto Union gebore.

Wanneer iemand 'n ligte karretjie wou koop was dit 'n DKW en as iemand 'n super luukse voertuig wou koop was dit die Horg. In 1953 het die Auto Union fabriek weer uit die as opgestaan. Daar was nie geld vir al die luukse karre na die oorlog nie. Die Auto Union, bekend as die skilpadkarretjie, was goed gebou, ekonomies en maklik om te onderhou.

In 1964 koop Volkswagen die Auto Union maatskappy oor, haal die Auto Union naam af en vervang dit met die naam Audi. Pieter sê dat Horg, Audi, DKW en Wanderer na Auto Union se samesmelting tog, ter wille van die geskiedenis, nie van die vier ringe ontslae geraak het nie, maar dit behou het.

Van Hermanus tot Naboomspruit het die groep van die Gariepdam af begin ry na Bethuli en Fauresmith langs na Orania. Hulle het 3 heerlike dae hier geniet, want die meerderheid het Orania glad nie geken nie. Die persone wat al in Orania was het met entoesiasme die dorp aan hulle skeptiese reisgenote bemark. Dit is egter duidelik dat die nuwe besoekers nou ook ambassadeurs van die dorp sal wees.

Pieter vertel van hulle positiewe ervaring van die dorpstoer en gevoelvolle besoek aan die Doornbult Konsentrasiekamp wat hoogtepunte was. "Daar is eenparig besluit dat Orania die koek vat!"

In 2026 word 'n amptelike Borgwartbyeenkoms beplan en die komitee wil graag hulle aanhangers van die noordelike en suidelike dele van die land op een sentrale plek bymekaar kry. Daar is konsensus bereik dat Orania met dié handelsnaam sal kan vereenselwig. "Orania is 'n fantastiese besoekpunt. Die twee klubs, Kaapse en Noordelike klub, het ongeveer 120 Borgwarts op die pad, en byna 300 Borgwarts is landwyd op die pad. Auto Union het 219 lede en daar is digby 1 500 DKW's op die pad. Baie karre is gerestoureer nadat hulle soms as hoenderhokke gedien het. Mense krap die karre uit store en onder baie lae stof uit om te restoureer en nou is hulle weer trots terug op die pad."

Koerania gaan graag die Borgwarts in 2026 in Orania verwelkom!




# MENINGS OPNAME

**Vandat ek 'n Oraniër geword het stel ek baie meer/minder in Suid-Afrika en die wêreldpolitiek belang, want: …**



**Barry Delport**

Ek stel meer belang aangesien Orania so aangeval word deur politieke partye en sosiale media en hoe dit ons as Oraniërs gaan raak. Wêreldwyd is Orania ook meer in die nuus, veral sedert die VSA ook nou aanboord is om ons as Afrikaners by te staan.



**Dr. Leon du Plessis**

Vandat ek 'n Oraniër geword het stel ek baie meer in Suid-Afrika en die wêreldpolitiek belang. Dit is altyd belangrik om op datum te bly van gebeure in die makrokosmos, dit is dikwels ń refleksie of indikasie van die verloop van gebeure in die mikrokosmos waarin ons woon. Ons woon nie op ń eiland nie.



**Hannes du Preez**

Ek is verplig deur die aard van my werk om polities ingelig te bly as deel van die eksterne beleggingsomgewing - binnelands en oorsee. As ek kon, sou ek my agterwêreld daaraan afvee het!

# GRONDLYN

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

Dr. Wikus Buys. Begrondinstituut.

?



Die mens se tong word in die Bybel vergelyk met 'n vuur. In Jakobus 3:8 word die vuurtong van die sondige mens beskryf as 'n onbeheerbare kwaad vol dodelike gif. Die tong is inderdaad 'n wapen. Kwaadpraat is sluipmoord. Dis om iemand dood te praat terwyl hy nie teenwoordig is nie. Die gebod van die Here bedoel beslis ook: "Jy mag jou naaste nie doodpraat nie". Alhoewel die tong in vergelyking maar 'n klein liggaamsdeel is, beïnvloed dit ons liggaam, siel en gees. Die uitspraak van die Bybel is reguit en kras: die tong 'besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek." Die duiwel se kragtigste wapen is woorde. Hoeveel lewens is nie al verwoes met woorde nie! En tog steur ons ons dikwels maar min aan hierdie waarskuwing van God.

Tong uit die hel – tong uit die hemel?

Ons tonge is van vuur uit die hel as ons kwaadpraat, en tog is ons so kleinserig as ander se seermaak woorde óns self brand. Ons wil tonge van vuur uitdeel, maar ons wil dit nie ontvang nie. Dit is egter nog nie die ergste nie, die Heilige Gees vra aan Christene wat met helse vuur tonge kwaadpraat: wat is dan die ware bron van jou lewe? So wys Jakobus op die onversoenbaarheid van Christenskap en kwaadpratery: Met die tong: "… daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is …. Geen fontein kan brak en vars water voortbring nie?" (Jak. 3:9,12). Wie het jou en my tong aangesteek? Praat ons vuur tonge goed of kwaad, is dit uit die hemel of die hel uit aangesteek?

Met die uitstorting van die Heilige Gees verbind God die Gees Homself ook aan die teken van vuur tonge. So lees ons in Hand. 2:3 "Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit." Die mens se tong wat uit die hel aangesteek word, word deur God vervang met 'n vuurtong waaroor sy Heilige Gees beheer uitoefen. Dan word daar nie kwaad gespreek nie, maar word goed gepraat oor die groot dade van God.

Skoonbrand

Uit die res van die Bybel weet ons dat die vuurtong wat die Heilige Gees bring veral op drie sake dui.

Ten eerste dui vuur op reiniging. Die vuur van skoonbrand word ons deel deur die kruisoffer van ons Here Jesus Christus. Aan die kruis is Christus verguis, ook met kwaadpraat woorde van ander mense. Christus gaan egter die helse vernedering van die kwaad deur en betaal sodoende vir die sonde wat soveel kwaad in ons lewe stig. Met die vuurtong van die Heilige Gees vestig God ons aandag daarop dat God se Seun in ons plek alle kwaadpraat oorleef. Hy het betaal en het opgestaan. Die skuldbrief van ons sonde, die geskel van die satan self, die skinder en kwaadpraat van ander, is als weggeneem deur Christus se kruisdood. Deur sy Heilige Gees woon Hy in sy kinders, en dit verander hulle hele lewe – ook veral hoe ons praat. Ons het die vuurtong van die Heilige Gees se werking ontvang en dit veroorsaak dat ons tonge ook gereinig word. Skoon van vuil en kwaad praat, gereinig om te sê wat God ons wil laat uitspreek.

Liefdesvuur

Tweedens beteken vuur in die Skrif die warmte van omgee. Die Heilige Gees is die groot geskenk wat die Here Jesus vir ons verdien. God skenk sy eie liefde aan ons deur die inwoning van die Heilige Gees. Dit beteken dat Christene se hele lewe nou 'n lewe van liefde word, in woord en daad. Wat jy sê, voor en agter iemand, getuig dat jy die vuurtong van die Heilige Gees het. Liefde word die rigsnoer en nie die kwaad vanuit die hel nie.

Helder lig

Derdens is vuur die teken van lig. Met vuur kan jy sien. So skep ons woorde wat deur die vuurtong van die Heilige Gees aangesteek is, ook lig vir ander mense. Nou kan ons iemand moed inpraat en nie iemand verder die hopeloosheid in praat nie.

Orania se tonge

Watter soort tonge van vuur het Orania se mense? Tonge van vuur wat uit die hel uit aangesteek is of tonge wat deur die Heilige Gees aangevuur word? Beskinder ons mekaar, praat ons mekaar dood met die kwaad? Kwaadpraat is 'n gruwelike sonde op Orania, wat wortel en tak uitgeroei moet word. Getuig ons woorde daarvan dat ons wel sluipmoordenaars is? Hoe praat ons van mekaar? Hoe praat ons van Orania se eie wettige owerheid? Hoe praat ons van ons meerderes? Hoe praat ons met en van ons minderes? Watter soort tong het Orania regtig? Ons kan nie God loof én ons naaste vervloek nie. Daarom mag daar ook geen rassisme op Orania bestaan nie.

Ons bely amptelik dat die Here Jesus Christus ons Koning is. Ons het die vuurtong van die hemel wat die Heilige Gees as geskenk aan ons gee. Wat praat ons alles? Watter vuurtong het jy en ek, kwaad of goed?

# Ons Paradys Tuinuitdaging

Is jy 'n beginner wanneer daar oor tuinmaak gesels word, of dink jy meer met jou beursie sodat daar prakties gewerk kan word om jou eie lushof te skep?
Koerania is 'n gemeenskapskoerant wat daarna uitsien om die gemeenskap se kreatiewe verskeidenheid te sien wanneer dit by tuinmaak kom.

1. Die Ons Paradys Tuinuitdaging skop nou af en registrasies sal tussen nou en 17 Oktober 2025 verwelkom word. Indien daar 'n buurman of buurvrou se tuin is wat jou aandag trek, is jy welkom om daardie tuin en die samesteller daarvan te nomineer. Deelnemers van alle ouderdomme word verwelkom.

Die geregistreerde tuine sal vanaf Vrydag 31 Oktober besoek en beoordeel word. Die wenners in onderskeie afdelings sal aan die einde van November 2025 tydens 'n skemerkelkiegeleentheid aangekondig word.

**Vir watter afdeling of afdelings registreer jy?**

1. Beginnerstuin
2. Gevestigde tuine (blom en/of groente en/of vrugte)
3. Groenteboks
4. Grasperk
5. Sakpas tuinmaak (idee in die kleine)

**Stuur voltooide registrasievorms na advertensies@koerania.co.za voor die sluitingsdatum op Vrydag 17 Oktober 2025. Prysgeld per afdeling:**

- Beginnerstuin R4 000-00
- Gevestigde tuine (blom en/of groente en/of vrugte) R3 000-00
- Groenteboks R4 000-00
- Grasperk R1 500-00
- Sakpas tuinmaak (idee in die kleine) R2 000-00

**Reëls en regulasies:**

1. Alle afdelings is oop vir slegs alle Orania inwoners. Vul die registrasievorm in en stuur dit aan die organiseerders, soos aangedui.
2. Indien jy onseker is oor die afdeling waarvoor jy moet inskryf kan jy Karin Buys by 084 704 2842 kontak vir advies.
3. Jy is welkom om iemand anders se tuinwerk per afdeling te nomineer.
4. Daar sal uiteindelik drie beoordelaars wees om die uitdaging se wenners aan te wys.
5. Die name van wenners sal in die Koerania van Desember 2025 aangekondig word.
6. Alle registrasies moet voor 17 Oktober 2025 ingehandig word. Geen laat registrasies sal vir die uitdaging in ag geneem word nie.
7. Maak asseblief seker dat 'n kontaknommer en adres op die registrasievorm aangebring word.
8. Geen plastiek of nagemaakte blomme of plante sal vir enige van die afdelings in ag geneem word nie.
9. Die beoordelaars se besluit sal finaal wees en geen verdere korrespondensie sal na afloop van die uitdaging toegelaat word nie.
10. Beoordelaars behou die reg voor om persone te diskwalifiseer indien hul enige van die reëls en regulasies sou verontagsaam.
11. Geen foto's van u tuin word benodig vir die gratis registrasie nie. Foto's sal wel gedurende die beoordelingsproses geneem word.
12. U registrasie bevestig dat u instem dat die beoordelaars en media met u kennisname u tuin kan besoek en foto's kan neem.
13. U persoonlike data wat op die vorm verskyn word met niemand anders gedeel nie.
14. U registrasie bevestig dat u instem dat Koerania foto's van die tuin en van u as deelnemer mag neem en publiseer.
15. Die beoordelaars mag nie aan die uitdaging deelneem nie.

Met trots aangebied deur KOERANIA

Skandeer die kode vir u registrasie

# Ons Paradys Tuinuitdaging

Karin Buys: Beoordelaar

Met die komende winter is dit die ideale tyd om te begin planne maak vir tuinmaak. Voorbereiding vir tuinmaak in die lente is deel van die avontuur. Dit is belangrik vir iemand wat hierdie jaar dalk die eerste keer wil begin of selfs vir die ou hande, om goeie beplanning te doen.

Waar begin jy? Kry 'n geskikte plekkie in jou tuin of groentebokse waarin jy aanplantings wil doen. Goeie grondvoorbereiding is net so belangrik, daarvoor het jy nodig om grond en kompos te meng. Voeg bietjie beenmeel by, sodat jou plantjies 'n goeie wortelstelsel kan ontwikkel.


Hou in gedagte dat meeste groente daarvan hou om in vol son te groei. Indien mens jou eie saailinge wil kweek om koste te bespaar, moet dit teen Juliemaand in bakkies geplant word, wat jy kan beskerm teen die koue. Dit moet verkieslik op 'n beskutte plek wees, weg van die koue maar wel met genoeg son om jou saadjies te laat ontkiem.

As jy lus is om nou al weg te spring, is daar 'n hele paar wintergewasse wat goed kan werk soos byvoorbeeld spinasie, kopkool, (rooi en wit), uie, seldery, al die verskeie soorte blaarslaai, en selfs roket. Begin vroeg beplan en hou in gedagte die gratis inskrywing het al geopen. Geniet die avontuur!

Skoonheid in die natuur… Tharina (Steyn) en Jan-Louis Wessels is op 26 April tydens 'n sprokiestroue op 'n koppie in die eg verbind.



Foto: Eeve Fotografie



Tweede kanse… Op 19 April is Lizelle en Hennie Venables in die huwelik bevestig. Dié egpaar is twee bekende en geliefde inwoners van Orania.

# VellieVoetelFees met gees

Die jaarlikse VellieVoeteFees is op Vrydag 9 Mei deur die Forum vir Gestremdes aangebied. Die groot groep ondersteuners het van die Volkskool Orania na die CVO-skool gestap terwyl daar heerlik gesels en geskerts is. Jonk en oud het saam gestap vir die verdienstelike saak.











Foto's: Dia van Staden





## KULTUURVAKANSIEDAE

**27 Februarie**
- Slag van Majuba – aangebied deur BKO

**6 April**
- Stigtingsdag – aangebied deur die Orania Beweging

**8 Mei**
- Herdenking van Afrikaans 100 – aangebied deur die FAK

**31 Mei**
- Bittereinderdag aangebied deur die Orania Dorpsraad

**14 Augustus**
- Taaldag – aangebied deur OKeR (Tema: BOU)

**10 Oktober**
- Heldedag – aangebied deur die Orania Ontwikkelingsmaatskappy en ander

**11 November**
- Witkruisdag – aangebied deur die Orania Bewaringstigting (nie-amptelike vakansiedag)

**16 Desember**
- Geloftedag – aangebied deur die Geloftefeeskomitee



## ORANIA DAGBOEK

### Mei

17 - OKER Kaas en Wyn
20 - Binnelandse Sake besoek Orania
23-24 - Interkerklike konferensie
29 - Bybelse ete – Gereformeerde Gemeente Oranjerivier
29 - Hemelvaart
30 - Aandmark by die Kuierstoep
31 - Bittereinderdag
31- Plaasbraai

### Junie

6 - Sakekamerontbyt – Oewer Restaurant
7 - Hervormde Kerk hou bazaar: Orania Beweging tuin
13 - Solidariteit Netwerkgeleentheid: Entrepreneurs/Finansies
13 - Volkskool Orania vakansie
13 - Koerania Uitgawe 18: koerania.co.za
27 - CVO-Skool Orania vakansie
28 - Aandmark by die Kuierstoep



# Dit is 'n dogter

Kleine Amelia du Preez is op Vrydag 18 April om ongeveer 15:00 gebore en het 3.5kg geweeg. Haar ouers, Salmah en Christiaan du Preez is baie trots op hulle pragtige eersteling.

# O/23 Bokkietoernooi snoer Afrikanerjeug saam

Die gewilde O/23 Bokkietoernooi het vanjaar van 1 tot 3 Mei 2025 vir die agtste keer op Orania plaasgevind. Ongeveer 340 spelers en beamptes het deel gevorm van hierdie unieke sportgeleentheid. Dit was weereens 'n samekoms van Afrikanerjeug waar Afrikanervreugde hoogty gevier het.

Uithalerspel is deur al die unies gelewer. "Die kompetisie was straf, met uitslae wat byvoorbeeld by 7's rugby telkens binne tien punte van mekaar was – 'n bewys van die hoë standaard waarop die toernooi gespeel is," sê ds. Peter Stans, Hoof Uitvoerende Beampte van Bokkieweek.

In die Netbalfinaal het Vaaldriehoek vir Noord-Transvaal Noord met'n telling van 19 – 15 geklop. Vaaldriehoek het by die Woemahokkie in 'n spannende eindstryd gelykop teen Wes-Transvaal geëindig. Die wenner is daarna met 8 sekonde uitskiete bepaal en Vaaldriehoek wen 2 – 0. By die 7's Rugby het Noord-Transvaal Noord koning gekraai nadat hulle Vaaldriehoek met 'n telling van 26 - 5 geklop het.

Gedryf deur die sukses van die 2025-toernooi,













# Skoon lug vir ligte tuie 'n bonus

Vanaf 18 tot 26 April het motoraangedrewe sweefskermvlieëniers (powered paragliding of PPG) van regoor Suid-Afrika en selfs Namibië vir die eerste Orania PPG "Fly-In" opgedaag. Die byeenkoms is deur die plaaslike lugvaartgemeenskap, Apex Adventures, Gaggle Flight Recorder, SAHPA, families, vriende en nuuskierige Oraniërs ondersteun.

24 vlieëniers, waarvan 4 vroue, het aan dié byeenkoms deelgeneem wat tegniese vaardighede uitgedaag het. Die weer was nie altyd aan hulle kant nie, maar die lugruim kon steeds elke dag deur die entoesiaste en kundiges ingekleur word.

Orania se Daniël Coetsee was die organiseerder. Hy vertel dat daar klem gelê is op veiligheid van elke vlieënier, omstanders en die tuie. Sommige individuele vlieëniers kon tot 10 ure lugtyd aanteken.

Vlieëniers is op grond van presisienavigasie, akkuraatheid in landing en hul vermoë om hindernisse te hanteer beoordeel. Deelnemers se vaardighede is deeglik geëvalueer. Daniël se vlugte was nie sonder uitdaging nie, maar hy het met die louere as algehele wenner weggestap.

Orania se vliegentoesiaste sien daarna uit dat die geleentheid in die vervolg weer hier aangebied sal word.


Mariette Steenkamp (PPG - Powered Paraglider)


George Enslin (PPT - Powered Paratrike)


Henna Fourie (PPG - Powered Paraglider) 'n studentvlieënier is op pad om 'n volgende vlug aan te durf.


Daniël Coetsee (PPG - Powered Paraglider)







KOERANIA Sport

Mei 2025 Volume 1 Uitgawe Nr 18

# Oraniër skitter by Meestersatletiek



Jacobus le Grange is hier volstoom besig met sy 400m oorwinning.

Jacobus le Grange (45), lid van die Orania Atletiekklub, het van 1 tot 3 Mei aan die Suid-Afrikaanse Meestersatletiekkampioenskappe in Oudtshoorn deelgeneem. Dag 2 het sneeu op die Swartberge opgelewer, wat van die De Jager-Sportkompleks af sibaar was. Jacobus het 'n eersteplek in die 400 m (55,33s) naellope in sy ouderdomsgroep (45-49 jaar) behaal, sowel as tweedeplekke in beide die 200 m (25,40s) en 100 m (12,56s) naellope.

"Die 400 m was moeilik omdat my kompetisie in die bane aan my binnekant gehardloop het, en ek dus heeltyd voor moes bly en my eie resies hardloop, soos ek voorberei en beplan het." In die 100 m was hy verras dat hy teen 'n vol groep naellopers 2de kon eindig. Hy vertel dat hy nie gewoonlik so goed met die korter afstande vaar nie, maar sy harde werk deur die seisoen het vrugte afgewerp.

Om die naweek af te sluit het hy in 'n saamgestelde aflosspan saam met 'n Vrystater, 'n Noordwester en 'n Namibiër 3de geëindig. Sy tye is nie veel stadiger as toe hy op skool was nie, en hy hoop om selfs nog nader daaraan te kom. "Noudat ek ouer is, met meer kennis oor die sport en my liggaam, oefen ek ook slimmer. Die atlete wat die heel beste doen, is dié wat na skool of universiteit nie opgehou het nie. 'n Gesonde gees in 'n gesonde liggaam is rede tot vreugde, en daarvoor dank en eer ek my Skepper."


Jacobus besef dat meestersatletiek, waaraan die meeste provinsies deelneem, in Pretoria, Kaapstad en op Nasionale vlak baie kompeterend is. Deelname is vanaf 30-jarige ouderdom in 5-jaar kategorieë ingedeel. Atlete kan aan elke atletiekdissipline wat baan- en velditems betref, deelneem. Meer egter as die kompetisie, is die vriendskappe en netwerke wat gebou word, en vreugde vir ander se prestasies.

## SPORTGIDS

**Ballet**
Uysie Kirsten Balletskool
Eldien Kirsten @ 076 712 7801
Uysie Kirsten @ 082 683 6317
Beginners vanaf enige ouderdom welkom

**Boogskiet**
Willem Jacobs @ 083 661 9707
Dinsdae om 16:00
Telegram: Koedoe Boogskiet Akademie
Gratis opedag maandeliks

**Fietsry**
Orania Fietsryers
Dewald Otto @ 084 557 4223 (Whatsapp
Groepritte Dinsdagmiddae / Saterdagoggende
'n Sosiale groep met verskillende vlakke van fiksheid



**Gimnastiek**
Oranjerivier Gimnastiekklub
Michelle Jacobs
072 550 8462 / oranje.gimnastiek@gmail.com
Saamstaan Winkelsentrum
Maandae tot Donderdae: 14:00 tot 16:00.

**Hokkie**
Jané Ebersohn @ 072 241 9142



**Jukskei**
Thinus van Dyk
0731693505

**Karate**
Henk Steyn @ 076 790 8843

**Moderne dans**
Janel Cornelius
@ 068 589 9227

**Muurbal**
Victor Correia @ 082 568 5587

**Orania Atletiekklub**
Christo Muller @ 083 628 0272

**Orania Rolbalklub**
Voorsitter: Francois van Schalkwyk
0730891604 / francoisvs57@outlook.com
Nuwe rolbalbaan tans onder konstruksie.



**Orania Sportskiet**
Johan van Loggerenberg @ 079 335 1621

**Perdry**
Jessica Bornman @ 082 823 2541

**Pluimbal**
Koos le Grange @ 083 568 703



**Paalsport**
Yoraldé Grotius @ 082 065 8593
Elke Dinsdag vanaf 17:00
R300-00 per maand

**Sportklub: Rugby, Netbal en Hokkie**
Hendri/Marike Labuschagne
072 453 5577 / 072 604 2564

**Swem**
Hester Botha @ 082 093 4352

**Tenshinkan Karate Orania**
Henk Steyn
076 790 8843
Volkskool Orania
16:30 tot 17:30




KINDER-AKADEMIE
Vroeë kinderontwikkeling & Nasorgsentrum










Foto: Adam se Uitspanning

Toerbroers, die grootste Afrikaanse reisagentskap in Suid-Afrika, het behoorlik nes geskrop in Orania! Toerbroers, onder die leiding van direkteur, Andries Hendrik Potgieter, het onlangs 'n kantoor op die dorp geopen en advertensieborde pronk ook eersdaags op straat.

'Ons het besef daar is 'n behoefte vir 'n volwaardige reisagentskap in Orania wat gaste van die omgewing met reispakkette kan bedien. Maar meer as dit; ons vat ook hande met toerisme aanloklikhede in die omgewing om gaste van regoor die land na Orania te bring om hierdie unieke dorp te besoek,' vertel Andries.

Toerbroers se kantoor word deur inwoners, Irma en Barry Delport, bestuur en die eerste toere na Orania skop reeds in Februarie 2025 af. Die toere is so saamgestel dat dit die hoogtepunte van die dorp verken wat ook 'n dagtoer, besoek aan die konsentrasiekamp, 'n vlotvaart en lekker eet en kuier insluit. Die 3 nagte pakket sluit in vervoer vanaf Pretoria, 3 nagte se verblyf met meeste etes, uitstappies en Toerbroers gidse teen R7600 per persoon wat deel.

'Dis die ideale geleentheid vir inwoners om sommer ook hulle vriende en familie te nooi om by ons aan te sluit en saam te kuier,' sê Andries.

Toerbroers het nagenoeg 100 toere na bestemmings regoor die wêreld en in Suid-Afrika. Vir meer inligting kontak orania@toerbroers.co.za of besoek www.toerbroers.co.za







